

DIE KERKDEURE IS WEER OOP **Sondag 27 September 09:00**

Ons kan weer kerk toe gaan!
Dit is goeie nuus. Dit is uitstekende nuus!

Ons almal sien uit om weer bymekaar te kom, God saam te aanbid, saam te sing, na God se woord te luister en as familie weer dinge saam te kan doen.

Ons sal Sondag 27 September weer by die kerkdeure kan instap. Streng Covid-19 regulasies.

Ons lewens het in Maart 2020 tot stilstand gekom toe vlak 5 inperking afgekondig is.

Nooit kon ons dink wat voor sou lê nie... Aanlyn eredienste, WhatsApp video's, boodskappe en telefoon-oproepe.

Ons kon steeds kerk wees, maar by die huis. Hoewel die kerkdeure gesluit was, kon ons as familie steeds in 'n tyd van krisis (en in 'n tyd van afstand) saam staan en "hande vashou" in gebed.

Ons het in dié moeilike tyd geleer om nuut te dink, uit te reik, kreatief te wees en op ander maniere mekaar te ondersteun en om daar te wees vir mekaar.

Lewensles...mense is kosbaar...tyd ook.

Lourensriver Feesmark **23 Oktober – 7 November 2020**

(Streng volgens Covid-19 regulasies)

Ons benodig toesighouers en hulp met die kasregisters vir betalings.

Indien jy kan help, kontak Annalie per SMS of WhatsApp 0722696592 of stuur 'n epos na lourensriverfeesmark@gmail.com



Lourensriver Strand
Feesmark

Vrydag 23 Oktober - Saterdag 7 November

Weeksdae: 09:00 - 19:00
Saterdag: 09:00 - 17:00
Toegang Gratis

Lourensriver-Strand Gemeente
072 269 6592
h/v Broadway, Da Gama & Jenningsstraat, Strand

Kniewerk



Voorbidding vir :

- ✚ Ds. Petrie vir sy boodskap.
- ✚ Almal wat siek is of herstel van 'n siekte.
- ✚ Ons matrikulante wat besig is met rekordeksamen en voorberei vir die eindeksamen.

Ds. Petrie

Video- en Geskrewe-boodskap



SONDAG 13 September 2020

Video:

<https://www.youtube.com/watch?v=UERGgG0FOSM>

Geskrewe boodskap:

https://lourensrivier.co.za/images/Mat_18v21-35.pdf

80 + Verjaarsdae vir September

SEPTEMBER
2020

80 +
90 +
Verjaarsdae

Baie geluk!!



Marlene Jackson 02/09 (79)
Joey van Onselen 02/09 (94)
Helena Arangies 09/09 (91)
Roline Jordaan 15/09 (82)
Hennie Langenhoven 17/09 (86)
Betsie Esterhuyse 21/09 (82)
Anstone Loxton 23/09 (84)
Helene Smith 23/09 (90)
Marie Oosthuizen 26/09 (90)
André Kotzé 29/09 (90)
Nico Pienaar 29/09 (90)
Apie Slabbert 30/09 (82)

Nuus uit die omgewing / kursusse / inligting:

AccuCare Tuis Verpleging

Wanneer verswakking of siekte intree, kan dit 'n traumatiese uitdaging wees vir pasiënt en familie om normaal by die huis te funksioneer.

By AccuCare, glo ons dat om in die gemak van jou eie bekende omgewing te bly, emosioneel en fisies die gerieflikste en bekostigbaarste oplossing is.

AccuCare het 'n holistiese benadering en is toegewyd om ons kliënte met die beste tuis versorging te voorsien met die fokus op Onafhanklikheid, Sagmoedigheid, Respek en Integriteit. Ons pas ook aan by die persoonlike en unieke behoeftes van ons kliënte.

Ons tariewe is baie kompetend en voorsien Dagdiens, Nagdiens, 24 uur diens, 5 ure diens asook Inslaap diens deur opgeleide versorgers.

AccuCare word bestuur deur die eienares Adele Eastes, wat self 'n opgeleide Ingeskrewe Verpleegkundige is met oor 20 jaar verpleeg ervaring.

Vir meer inligting, kontak

082 756 4898 (8vm - 4nm) of stuur 'n epos aan info@accucare.co.za

Besoek ook gerus ons webtuiste www.accucare.co.za

JC VORSTER

Tel new: 065 816 9617

HEARING CARE

...professional audiology services.

Medical Aid Rates

- Hearing aids • Hearing tests • Batteries • Repairs • Noise Protection

E-mail: hearcare@outlook.com



*Daar is 'n vaste
tyd vir alles,
elke ding onder
die son
het sy tyd:*

PREDIKER 3:1



DIE BYBEL 'N DIREKTE VERTALING

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika stel op 29 November vanjaar die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans bekend. In hierdie reeks bespreek lede van die vertaalspan, onder leiding van prof Bernard Combrink, die uitdagings en interessantheide rondom hierdie vertaling.

Registrasies sluit 23 September

Registreer gerus by:
<https://forms.gle/XeD5NFwtMm5ys77S9>

Koop 'n nuwe Bybel hierdie maand



Oktober is tradisioneel Bybelmaand in Suid-Afrika. Wanneer jy aan die feesseisoen begin beplan en dink aan daardie spesiale geskenk wat jy binnekort vir iemand gaan gaan, hou gerus ons katalogus van Bybels in gedagte.

Dalk is 'n nuwe Bybel net die ding wat jou tiener nou benodig of dalk is jy op die uitkyk vir 'n spesiale vertaling. Ons (Bybelgenootskap van Suid-Afrika) het nuwe Bybelvertalings in isiZulu en Afrikaans wat binnekort op die rakke sal wees. Ons sal jou egter 'n bietjie later meer hieroor vertel.

Vir nou, kan jy jou spesiale Bybel in enige van ons 11 amptelike tale en in die formaat van jou keuse koop én teen die mees bekostigbare pryse indien jy dit direk by ons koop.

Mag die Woord van God ons inspireer om die jaar met oorwinning af te sluit.

<https://shop.biblesociety.co.za/browse>

Klik hier vir die katalogus: <http://image.contact.biblesociety.co.za/lib/fe92137375670d7f70/m/1/0092cdfb-12a9-4d90-bffe-227f23e2a18a.pdf>

Prysllys: <http://image.contact.biblesociety.co.za/lib/fe92137375670d7f70/m/1/65844c29-6d56-4115-9bb7-21e78f82c46d.pdf>

BID: Decoligny (2020-09-11)

'n Baie algemene gesegde vandag is dat alles verander het; niks is meer soos dit vroeër was nie en niks sal meer dieselfde wees as wat dit was nie. Ons leef in 'n onbekende tyd en onbekende omstandighede met Covid-19. Tog het elke kind van die Here die sekerheid dat die Here nog nooit verander het nie. In Hebr. 13:8 lees ons: *"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid."* Daarom kan ons aan Hom vashou en bid vir sy kerk en vir die uitbreiding van die Koninkryk van God, ook in 'n tyd soos hierdie.

BID:

- Baie van ons leef in vrees as gevolg van die situasie rondom werk, gesondheid, finansies, veiligheid; noem maar op. Kom ons bid teen hierdie gees van vrees. Laat ons aan die Here vashou in geloof en gebed.
- Bid vir die finansiële situasie van talle gemeentes. Sedert die begin van die Covid-19 krisis het baie min lidmate enige bydraes gemaak tot die gemeentes.
- Bid vir die veiligheid situasie op Decoligny. Drie van die huurders het uitgetrek as gevolg van die verswakte veiligheid situasie daar. Al hoe meer persele word op die gronde afgesteek en huise word steeds gebou. Decoligny se huise word geplunder, die hekke word beskadig, daar is weer by Bet-El ingebreek. Bid dat hierdie plundering gestop sal word.

INLIGTING:

- Sam het 'n spier in sy been geskeur en mag vir ses weke nie gaan werk nie. Hy sê dat hierdie situasie hom nederig maak en hom tyd gee om te bid.
- Ongelukkig lyk dit asof hierdie jaar verlore is vir Sam se studies. Hy en sy mede studente kry geen korrespondensie van die Kollege nie. Hy weet nie of sy werkstukke wat hy ingestuur het, gemerk is nie en hoor niks van hulle oor wat aangaan nie.
- Dit gaan goed met die personeel en kinders van Sinethemba. Daar het nog nie meer kinders terug gekom nie, wat die toesig situasie makliker maak, maar aan die ander kant druk op die personeel plaas om genoeg fondse in te kry van die ouers vir die daaglikse bestuur van Sinethemba.

DANK:

- Die Sinode van die VGK het die besluit om weer met dienste te begin, aan die gemeentes oorgelaat, met die vereiste dat hulle by die Covid-19 protokol hou.
- Die Ring van Mthatha het die afgelope Saterdag hul jaarlikse vergadering gehad om die pad vorentoe te bespreek vir die 12 gemeentes van die Ring in die huidige situasie..

(Inligting voorsien deur Sam Dandala (Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba))

Groete in Jesus Christus

Willem Botes
083 658 2154
wgpotes@gmail.com

Gedagte
vir die
week

